NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA
blitspos
Jaargang 15 – Uitgawe 36
13 Oktober 2022

# ’n Voorsitter se terugblik

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**Die 73ste AKV het enkele dae gelede ten einde geloop en ek voel steeds asof ek in ’n waas is. Die voorbereiding vir die openingsrede, verpak in ’n erediens, het my dae lank besig gehou – om nie eens van die senutergende aard van die aanbieding te praat nie.**

Die deurwerk van die agenda, verslae en studiestukke het veel geverg, en ek moes veral die reglement van orde op die punte van die vingers hê om die weg deur beskrywingspunte, amendemente en die toeken van spreekbeurte te baan. Gelukkig het ons bekwame skriba, ds Willem Kok, gehelp om ons deur die vergadering te navigeer.

Die afgelope AKV was die derde vergadering wat onder my voorsitterskap plaasgevind het. Een van die hoogtepunte van die 73ste vergadering was die verkiesing van drie vroue in die Kommissie, te wete ds Janine Bevolo-Manders as viseskriba (die eerste vrou wat tot die Moderamen verkies word), dr Sanrie de Beer as eerste predikantslid, en ouderling Petro van Niekerk vir die tweede termyn as ouderlinglid. Die verkiesing van prof Wim Dreyer as voorsitter verseker verdere stabiliteit vanweë sy 21 jaar lange ervaring in vorige Kommissies en sy omvangryke institusionele kennis. Die verkose Kommissie is uitnemend toegerus om die Kerk in die komende termyn tot diens te wees.

Ek het altesaam nege jaar in die Kommissie gedien, en die gepaardgaande leer- en groeikurwe is onbeskryflik. Daarvoor sorg die honderde ure in vergaderings; agendas en verslae wat vooraf deurgewerk moes word; die vormende waarde van debatte wat besluite voorafgaan; die talle gesprekke met kollegas en gemeentes dwarsoor die Kerk; die waardering wat uitgespreek word; en helaas óók die felle kritiek wat ’n onvermydelik deel van die termyne uitgemaak het.

Ek het dikwels kilometers ver moes ry om groeteboodskappe by gemeentes te lewer, en sodoende het ek die Kerk beter leer ken. Ek het telkens onder die indruk gekom van die uitdagings wat verskillende kontekste aan gemeentes en predikante stel. Soms het die moedeloosheid in die oë gewys en ander kere was daar ’n vasberade trek op die gesig om welke situasie ook al, die hoof te bied. Ek het ook sommige ander kerke en hul predikante beter leer ken vanweë ekumeniese bande wat die NHKA met hulle het, en dikwels was hulle met dieselfde uitdagings gekonfronteer.

Die afgelope termyne het prominente gebeure opgelewer en vir ’n kwota opwinding en uitdagings gesorg. Daar was die verkoop van die Sinodale Dienssentrum in 2016-’17; die besluite oor waar die hervestiging moes plaasvind; die 500-jarige herdenking van die Reformasie (REFO 500) in 2017; die algemene jaarvergadering van die WGGK (WCRC) wat gedurende Julie 2017 te Leipzig plaasgevind het; die NHKA se nuwe kommunikasiestrategie en gepaardgaande grafika wat in 2018 geïmplementeer is; die litigasiestryd wat deurentyd in die agtergrond gewoed het; die sluiting van *Konteks* in 2019; die Covid-19-pandemie wat in 2020 ’n aanvang geneem het en die geweldige impak daarvan op die Kerk; die kom en gaan van die aanlynplatform GLOmedia; die nimmereindigende rasionalisasie wat nogeens sedert 2020 onder leiding van die Kok-kommissie plaasgevind het; die vervreemding van die *HTS* en die nuwe kontrak met UP wat in November 2021 onderteken is; die uitbou van die HTK – en dit is maar enkele van die groot gebeure.

Ek sal God altyd dankbaar wees vir die voorreg wat ek gehad het om die NHKA te kon dien.

**Dr André Ungerer**
**Vorige voorsitter: Kommissie van die AKV**

## Lief en leed

- **Mev Jeanette Pretorius**, vrou van emerituspredikant ds PJO (Pieter) Pretorius, is Sondag 9 Oktober oorlede. Sy het kanker in haar long gehad en was in remissie na die behandeling, maar die kanker het weer aggressief toegeslaan. Ds Pretorius woon in Langebaan. Ons innige simpatie gaan aan hom en hul familie.

- Oudl SE (Faan) Beeslaar van Vereeniging se swaer, **Wynand Esterhuizen** (69) (broer van oudl Beeslaar se vrou Susan), is Maandag 10 Oktober aan 'n hartaanval oorlede. Ons innige simpatie gaan aan die familie.

- Emerituspredikant **ds DS (Daan) Smit** (73) is gedurende September na 'n ernstige beroerte in 'n intensiewesorgeenheid opgeneem. Hy was op 'n ventilator en het 'n trageotomie ondergaan. Dit gaan tans beter met hom, en hy bedank almal vir hul boodskappe. Ons bid hom en sy vrou, Aletha, baie sterkte toe.



Prof Jaco Beyers

- Baie geluk aan **prof J (Jaco) Beyers** van UP/Centurion-Oos wat pas aangestel is as **adjunkdekaan** in die Fakulteit Teologie en Religie. Elke fakulteit by UP het 'n struktuur van een dekaan en twee adjunkdekane: een adjunk vir navorsing en een vir onderrigprogramme. Die Fakulteit Teologie en Religie het nog nooit twee adjunkdekane gehad nie. Prof Beyers het sedert 2019 gedien as voorsitter van die Fakulteit se Komitee vir Onderrig (*Teaching and Learning*). Voor hom was prof Ernest van Eck in die posisie, en voor hom prof Piet van der Merwe (interessant dat dit telkens Hervormers was). Prof Van Eck is in 2019 aangestel as adjunkdekaan (navorsing). Die huidige dekaan het beding dat die Fakulteit ook twee poste vir adjunkdekane ontvang. Die proses is goedgekeur en na die normale aanstellingsproses by UP van aansoeke en onderhoude, is prof Beyers aangestel as adjunkdekaan vir onderrigprogramme vir die periode 1 Oktober 2022 tot 31 September 2026. Die posisie van adjunkdekaan (navorsing) is vakant sedert die vertrek van prof Van Eck na die buiteland en sal gevul word sodra 'n nuwe dekaan gedurende Januarie 2023 diens aanvaar. Prof Jerry Pillay, huidige dekaan, verlaat UP aan die einde van Desember 2022.



Ds Oscar Madlala

- **Ds Oscar Madlala** is pas deur die Maranatha Reformed Church of Christ (MRCC) se sinode onbestrede herkies as moderator, vir 'n tweede termyn. Ons wens hom die Heer se seën toe op sy taak.

- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Oktober, en word hartlik geluk gewens:**
  - Maandag 17 Oktober: Prof JH (Jan) Barkhuizen (82) (emeritus)
  - Dinsdag 18 Oktober: Ds JBJ (Kiewiet) van Deventer (50) (Joachim Prinsloo / Ruskoppies) en dr JH (Johan) van Staden (56) (Sionspoort)
  - Woensdag 19 Oktober: Ds HN (Hein) Kloppers (53) (Koster/Noordrand)
  - Vrydag 21 Oktober: Ds JD (Jan) Grobler (73) (emeritus)

## Nuus uit die 73ste AKV

- Agt van die nege **ouderlinglede van die Kommissie van die AKV** wat van 2019 tot 2022 gedien het, is herkies. Hulle is oudle SL (Simon) Kotzé, FJ (Fred) Paynter, SE (Faan) Beeslaar, D (Daniel) Esterhuizen, AJP (Dries) le Roux, AD (André) Pieterse, JG (Johan) van Heerden en MP (Petro) van Niekerk. Oudl JD (Joël) Fourie is verkies as die negende ouderlinglid.

- Na afloop van die 73ste AKV is die **Raad van Finansies** nuut saamgestel. Die Raadslede vir die volgende termyn is mnr J (Hannes) Combrink, mnr PP (Paul) Vorster, mnr GS (Gert) van Wyk, ds LH (Lydia) Miller en ds IJ (Jaco) Vogel.

## Gemeentes en bediening

- Die **Kerkargief in Pretoria** is van Maandag 10 Oktober tot Vrydag 28 Oktober 2022 vir alle navrae en navorsing gesluit. Navrae sal weer vanaf Maandag 31 Oktober hanteer kan word.

- **Gemeente Delareyville: 1922-2022**
  **100 jaar van genade**
  **Saterdag 12 November:**
  Boeresport 15:00; dans en spitbraai 18:00; kamp by die kerk
  **Sondag 13 November:**
  Erediens en Nagmaal 11:00; klipstapeling 12:30; vingerete 13:00
  **RSVP voor 1 November by:**
  Kerkkantoor 053 948 1992 / Ds Willem Dreyer 082 466 5516 / NHSV 072 153 7444



- **VAKATURE BY UP SE FAKULTEIT TEOLOGIE EN RELIGIE. Departement Nuwe Testament en Verwante Literatuur. Sluitingsdatum 14 Oktober 2022.** Ons plaas hierby die volledige advertensie soos die Universiteit dit versoek het.

  FACULTY OF THEOLOGY AND RELIGION
  DEPARTMENT OF NEW TESTAMENT AND RELATED LITERATURE
  SENIOR LECTURER / ASSOCIATE PROFESSOR / PROFESSOR
  (ONE POSITION)

  In pursuit of the ideals of excellence and diversity, the University of Pretoria wishes to invite applications for the following vacancy.

  The University of Pretoria's commitment to quality makes us one of the top research Universities in the country and gives us a competitive advantage in international science and technology development.

  RESPONSIBILITIES
  The successful candidate will be responsible for:
  - Teaching at both undergraduate and postgraduate levels in the subject field of New Testament studies.
  - Conducting scholarly research in the field of New Testament (and related literature).
  - Supervising master's and doctoral students (if the successful candidate has a relevant doctoral degree).
  - Mentoring students at undergraduate level.
  - Performing academic administration and management.
  - Performing other duties as delegated by the Head of the Department.

  MINIMUM REQUIREMENTS
  *Senior Lecturer*
  - A relevant doctoral degree.
  - At least 3 years' tertiary experience or related teaching experience.
  - At least 3 publications in accredited journals.
  - Evidence of conference papers delivered.
  - Experience in academic administration and knowledge of departmental committees.

  *Associate Professor*
  - A relevant doctoral degree.
  - At least 5 years' tertiary experience or related teaching experience.
  - Experience in curriculum development and curriculum innovation.
  - At least 15-20 publications in a variety of accredited journals.
  - Evidence of successful research master's supervision (at least 5 successfully completed) and at least 2 successful doctoral supervisions.
  - Experience in academic administration and participation in departmental committees.
  - Established nationally as a scholar and researcher.

  *Professor*
  - A relevant doctoral degree.
  - At least 8 years' tertiary teaching experience.
  - Experience in curriculum development and curriculum innovation.

- At least 20-30 publications in a variety of accredited journals of which at least 8 should be ISI and other accredited journals.
- Evidence of successful research master's supervision (at least 10 successfully completed) and evidence of at least 4 successful doctoral supervisions.
- Experience in academic administration and participation in departmental committees.
- Established nationally and internationally as a scholar and researcher.

REQUIRED COMPETENCIES (SKILLS, KNOWLEDGE AND BEHAVIOURAL ATTRIBUTES)
- Competency in Greek would be an advantage.

ADDED ADVANTAGES AND PREFERENCES
- Membership of at least one scholarly society related to New Testament studies.
- Community involvement.
- NRF rating will serve as a strong advantage for the Associate Professor / Professor levels.

The annual remuneration package will be commensurate with the incumbent's level of appointment, as determined by UP policy guidelines. UP subscribes to the BESTMED and UMVUZO medical aid schemes and contributes 50% of the applicable monthly premium.

Applicants are requested to apply online at **www.up.ac.za**, and follow the link: Careers@ UP.

In applying for this post, please attach:
- A comprehensive CV (utilising the UP format downloadable from the University website).
- Certified copies of qualifications.
- Names, e-mail addresses and telephone details of three referees whom we have permission to contact.
- Names and contact details of peer reviewers (academic and research).
- Self-evaluation.
- Teaching portfolio.

**CLOSING DATE: 14 October 2022**

No application will be considered after the closing date, or if it does not comply with at least the minimum requirements.

ENQUIRIES:
Jeanette Schoeman 012 420 2213/5488 for application-related enquiries.
Prof J Pillay (012) 420 2322 for enquiries relating to the post content.

Should you not hear from the University of Pretoria by 31 January 2023, please accept that your application has been unsuccessful.

The University of Pretoria is committed to equality, employment equity and diversity. In accordance with the Employment Equity Plan of the University and its Employment Equity goals and targets, preference may be given, but is not limited to, candidates from under-represented designated groups.

Kindly note that this post is supported by the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA).

All candidates who comply with the requirements for appointment are invited to apply. By applying for this vacancy, the candidates consent to undergo verification of personal credentials and related information including, but not limited to, qualifications, criminal record, credit record, current and historic disciplinary proceedings as part of the selection process.

*The University of Pretoria reserves the right to not fill the advertised positions.*

- **WERKRUIMTE VIR DEELTYDSE BEDIENING: GEMEENTES VRYHEID EN UTRECHT.** Na die vertrek van ds JH Kay het hierdie werkruimte vakant geraak. Hiermee word die werkruimte bekendgestel en belangstellende predikante versoek om kennis te neem en met dr Piet Steenkamp in verbinding te tree.

  **Aard en omvang.** Van die predikant word verwag om die werkruimte vir **nege dae per maand** te beset. **Huisvesting** vir die periode word voorsien in ’n toegeruste woonstel in die skoolkoshuis **in Vryheid**. Etes is ingesluit. Van die predikant word verwag om op ’n Vrydag na Vryheid te reis en **eredienste in Utrecht en Vryheid** te lei. Gedurende die week tussen die twee Sondae sal die predikant in Vryheid ’n pastorale funksie verrig, veral gefokus op lidmate van die gemeente wat kerklos geraak het. Eredienste sal ook op die tweede Sondag in albei gemeentes gelei word. Indien daar ’n behoefte in Utrecht bestaan, sal van die persoon verwag word om ook in Utrecht pastorale werk te verrig.

  **Utrecht.** Die gemeente bestaan uit ongeveer 17 aktiewe lidmate, waarvan die meerderheid bo 60 jaar oud is. Utrecht se kerkraad verwag slegs eredienste, en indien dit nodig is en daar ’n spesifieke behoefte bestaan, sal van die predikant verwag word om pastorale aandag aan dringende nood te verleen.

  **Vryheid.** Die gemeente bestaan uit ongeveer 60 lidmate, waarvan die meerderheid ook bo 60 jaar oud is. Die kerkraad van Vryheid verwag van die predikant om eredienste te lei en om gedurende die week lidmate wat as gevolg van die vertrek van ds Kay kerklos geraak het, te besoek met die doel om hulle weer aktief by die gemeente in te skakel.

  **Eredienstye.** Utrecht 08:00; Vryheid 10:00. Albei kerkrade verwag van die predikant om goed gefundeerde preke aan te bied wat motiverend en leersaam van aard is. Die verwagting is ook om die liturgie in te rig binne die raamwerk van die NHKA se beskouing van die erediens as viering van God se genade.

  **Gesprek.** Die kerkrade van die gemeentes en die Ringskommissie van Noordelike Natal sal ’n voorafgesprek met elke belangstellende persoon voer.

  Die predikant sal in albei gemeentes bevestig word**.**

  **Oorsig en evaluasie van werksaamhede.** Die werksaamhede van die predikant sal sesmaandeliks geëvalueer word ten einde die sinvolheid van die bediening te oorweeg en om vas te stel of positiewe uitkomste bereik word. Die kerkrade van die gemeentes sal in oorleg met die Ringskommissie sodanige evaluering onderneem.

  **Vergoeding.** Die predikant sal vergoed word deur ’n enkele kontantbedrag te voorsien wat deur albei gemeentes en die Ringskommissie bekostig sal word. Die vergoeding word vasgestel binne die raamwerk van finansiële bekostigbaarheid van die drie vennote wat die fondse voorsien.

  Navrae kan gerig word aan dr Piet Steenkamp by 082 789 1398.

## Vergaderings

- Donderdag 13 Oktober: ADV Finkom
- Woensdag 19 Oktober: DPS en Plesion Finkom
- Donderdag 20 Oktober: Rata Finkom




## Kerklike publikasies

- Die **Kerkkalender vir 2023** wat die afdeling Kerklike Kommunikasie vir gebruik in ons gemeentes voorberei het, is nou **hier** op die Kerk se webblad beskikbaar. Die kalender bevat inligting oor die kerklike feesdae, openbare vakansiedae, skooltermyne en spesiale geleenthede wat vir die hele Hervormde Kerk van belang is. Gemeentes kan hul eie gemeenteprogram daarop invul en die kalender in gedrukte formaat of elektronies onder hul lidmate versprei.

- **Spesiale aanbod van die Bybelgenootskap:** Die Afrikaanse mediumgrootte Bybel (2020-vertaling) met swart hardeband is nou **beskikbaar teen R99 (posgeld/aflewering uitgesluit)**. Die normale prys is R149. Die aanbod is geldig vanaf 1 Oktober 2022 tot 31 Januarie 2023 solank voorraad hou. Hierdie Bybel bevat kruisverwysings, voetnotas, 'n woordelys en kaarte. Kontak die verkoopsverteenwoordiger of 076 415 1752 (WhatsApp), of stuur 'n e-pos na **orders@booksite.co.za**.

## Bybelgenootskap

- **Poste beskikbaar vir Deeltydse Ambassadeurs in die BSA se Noordelike Streek (ou Transvaal-gebied).**

  Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) se missie is om bekostigbare Bybels in al die tale van die mense van Suid-Afrika beskikbaar te stel. Die BSA is een van 150 Bybelgenootskappe in die wêreld. Daar bestaan 'n lang en noue vennootskap tussen die BSA en die NHKA. Die uitkoms van die proses van herstrukturering in die BSA was onder andere dat die voltydse organiserende sekretarisse vervang word met deeltydse ambassadeurs.

  **Posbeskrywing**
  Die pos is daarop gemik om die verhouding van die BSA met gemeentes van die NHKA in stand te hou en te versterk. Van die persoon word verwag om ten minste twee dae (16 uur) per week aan die werk van die BSA af te staan. Dit sluit in twee besoeke per maand aan gemeentes op Sondae, die bywoon van ringsvergaderings, betrokkenheid by fondsinsamelingsprojekte, en die uitbreiding van die Kerk se donateursbasis. Die persoon werk van die huis af. Aan die pos is 'n vergoeding van ten minste R18 000 per maand gekoppel, met die moontlikheid van verhoging namate die pos uitbrei.

  Die inkomste vanuit die NHKA maak voorsiening dat twee deeltydse ambassadeurs namens die Kerk in die Noordelike Streek van die BSA aangestel kan word.

  **Posvereistes**
  - Gelegitimeerde predikant van die NHKA jonger as 65 jaar.
  - Kennis van en betrokkenheid by die vennootskap tussen die Kerk en die BSA.
  - Goeie kommunikasievaardighede in Afrikaans en Engels.
  - Goeie menseverhoudings.
  - Goeie organisasievermoë en leierskapsvaardighede.
  - Positiewe gesindheid teenoor en kennis van die werk van die BSA.
  - Kreatiewe denke en vaardighede.

  Die aanstellings word gemaak deur die BSA in samewerking met die Kommissie van die AKV van die NHKA. Die **sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober 2022** en diensaanvaarding geskied op 1 Januarie 2023 of so gou moontlik daarna. Die reg word voorbehou om nie 'n aanstelling uit die aansoekers te maak nie.

  Aansoeke moet vergesel word van 'n kort CV en motivering waarin aansoekers aandui hoe daar aan die posbeskrywing en posvereistes voldoen word, en kan gestuur word na **lindeque@biblesociety.co.za**.

## Transoranje Instituut (TOIBO)

- **VAKATURE: Uitvoerende Beampte (Voltyds)**, met standplaas Hillcrest, Pretoria.

  **Rapporteringskanaal:** Voorsitter van TOIBO.

  **Doel van die pos:** Die bestuur van 'n nie-winsgewende organisasie verantwoordelik vir die insameling van fondse ter ondersteuning van vyf skole vir kinders met spesiale onderwysbehoeftes.

**Vereistes:** Senior Sertifikaat, verkieslik met Rekeningkunde; bewese rekenaarvaardigheid in Word, Excel, PowerPoint, Outlook en Facebook; minstens 10 jaar ervaring in skakeling, bemarking en fondswerwing; en ondervinding in finansiële bestuur en administrasie, asook kantooradministrasie en logistiek.

**Posbeskrywing**

**Sekretarieel:** Skedulering, voorbereiding, sakelyste, notulering en gepaste opvolging van alle geskeduleerde en ad hoc-vergaderings met interne en eksterne partye.

**Administratiewe bestuur:** Liasseerstelsel en rekordhouding; bestuur van die argiefstelsel; verslagdoening op verskillende vlakke en in verskillende formate; bestuur van toepaslike inligtingstegnologie; byhou van registers; bestuur van ooreenkomste en kontrakte; en rugsteun van data.

**Logistieke bestuur:** Bestuur van die inventaris van alle roerende bates; kantooronderhoud; en aankope en verrekening van gebruikersitems.

**Finansiële bestuur:** Opstel van die begroting en toepassing van begrotingsbeheer; bestuur van die beleggingsportefeulje; en opstel van bestuursinligting vir besluitneming.

**Administrasie:** Byhou van die totale boekhoustelsel op 'n Pastel-gebaseerde databasis; en voorbereiding en voorlegging van state vir jaarlikse ouditprosedure.

**Fondswerwing:** Jaarlikse opdatering en implementering van 'n fondswerwingsplan om bestaande donateurs te behou en nuwe donateurs te werf, met die klem op die drie hoofbronne: die drie Afrikaanse susterkerke; die privaatsektor; en ander instansies.

**Eksterne skakeling:** Professionele formele en informele skakeling, asook instandhouding en bou van verhoudings met alle belanghebbendes. Dit kan beplan of ad hoc wees, met die fokus op die vyf Instituutskole; en rolspelers binne die kerklike organisasies.

**Die salarispakket** is onderhandelbaar. Belangstellendes word genooi om in 'n skrywe te motiveer waarom hulle aansoek doen, asook hul gepastheid vir die spesifieke pos uiteen te sit. Die skrywe moet vergesel wees van 'n curriculum vitae met **drie verwysings**, asook bewys van enige toepaslike kursusse, kwalifikasies en rekenaarvaadigheid. Aansoeke moet per e-pos gestuur word aan mev Arina Jooste by **toibo@imaginet.co.za** teen **nie later nie as 21 Oktober 2022**. **Slegs aansoekers op die kortlys** sal genader word vir 'n onderhoud.

## Studentesake




- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

## 'n Gedig

**Leemte**

25 jaar gelede: jou vertrek
steeds verlang ek om weer
kniehoogte neffens jou te stap
die stil sekerte van jou aanraking op my hoof
ek, kaalvoet, kortbroek
my hand in joune as ons 'n straat sou kruis
hierdie land was 'n ander plek, Pa
ons stoor nou drome in trommels in buitekamers
die bome wortel krake in die oprit langs ons huis
tog onthou ek jou, soos die omslag van 'n spesiale boek
ek het 'n skildery van jou ou foto laat maak,
geraam, jy pryk op die lys, bo die kaggel
dwarsdeur hierdie winter gloei die kole
maak ons verbete warmte, maar
hierdie huis is 'n ander plek, Pa
en ek?
Ek is 'n stoker, sonder lokomotief
'n roepman, sonder skofkaarte
'n kondukteur op 'n spooktrein
'n vergete passasier op 'n koue donker plein.
Ek wag vir jou, met jou tas en my tas.

**Clinton V du Plessis**
(Soos gepubliseer in *Beeld*, 5 Oktober 2022 –
wengedig in Afrikaanse kategorie van Avbob
se sesde poësiekompetisie, 2022)

## Fondsinsamelings

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite wat ideaal is vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Barmhartigheid

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein**
  **Verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede**
  Enkel- en deelkamergeriewe in 'n huislike atmosfeer
  Verblyf met 3 etes ingesluit
  Verblyf sonder versorging R1 700 per maand
  24-uur-versorging onderhandelbaar
  (maksimum R8 000 per maand deelkamer)
  Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089
  **navrae@athalia.co.za**
  **www.athalia.co.za**

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord**
  Seniordal is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in Rietondale, Pretoria, wat bekend is as ’n stil, veilige, boomryke omgewing en ’n voëlparadys. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit die volgende woonstelle:
  Enkelwoonstel (*Bachelor*): R510 000
  Eenslaapkamer: R515 000
  1½-slaapkamer: R520 000
  Tweeslaapkamer: R560 000
  Navrae: Salomie Stolz 012 329 4318 / 083 308 0520



## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Die koste van advertensies is **R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal. Meer besonderhede oor advertensies kan aangevra word van **produksie@nhk.co.za**.

## Gebed vir beskerming

Vader, ek kom voor U vandag
om beskerming te vra vir my familie –
geestelik, fisies en verstandelik.
Ons hulp kom van U,
U wat hemel en aarde gemaak het.
Ek dank U dat U altyd by hulle is,
ook wanneer ek nie daar is nie.
Seën hulle met u krag
en bemoedig hulle in elke krisis
en in alle teenspoed.
Laat hulle rus in u skaduwee –
wees U hul beskutting en hul beskerming.
Mag hulle altyd weet
dat U hul toevlug en krag is.
Hou hulle veilig;
waak oor hul harte en verstand.
Amen.

Busyblessedwomen.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)




Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk